Jim van Tonderskool

FONDSINSAMELINGSNR.: 02 200587 000 0

Tel.: 017 647 2606
017 647 5987
Webblad/Webpage: jimvantonder.co.za
E-pos/E-mail: info@jimvantonder.co.za

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak/Private Bag X1007
BETHAL, 2310

22.03.2024
02 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

1. SKOOL

1.1 BELANGRIKE DATUMS

3-6 April	SA Atletiek te Paarl.
3 April	Skool open.
9 April	Netbal vs George Hofmeyr (weg)
11 April	Koshuis oueraand om 16:30
	Skool oueraand en rapporte uit.
13 April	Rugby- en netbaldag te Krugerlaan.
18 April	Rugby vs Platorand (weg)
	Netbal vs Platorand (tuis)
23 April	Rugby vs WH de Klerk (weg)
	Netbal vs WH de Klerk (tuis)
25 April	Puma Rugbyproewe te JvT.

1.2 SA ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE

Die SA Atletiekkampioenskappe vind vanaf 3 April 2024 tot 6 April 2024 te Paarl plaas. Graag wil ons die volgende atlete wat gaan deelneem, sterkte toewens. Ons is baie trots op julle!

Simeclile Khoza	Sipho Nhleko
Kenzo Ayres	Cayden Gagiano
Mvelo Sibeko	Jessica Fourie
Gift Hlabangane	Cassidy Ome
Wandile Nkosi	Ammaarah Deelman
Joyous Sibiya	Isabella Mostert
Tebogo Motaung	Adri van Rensburg
Thanda Dlamini	Monique Rafferty
Gift Malomane	Belinda Breytenbach
Hope Madonsela	Tshwarelo Mathonsi
Mongezi Qometa	Stella Kgoete
Junior Maseko	

Donasies aan: JIM VAN TONDERSKOOL OPVOEDKUNDIGE FONDS aftrekbaar van inkomstebelasting vlg. Artikel 18a van die Inkomstebelastingwet.

1.3 SUPER KIDS

Die volgende leerders is as Super Kids vir Kwartaal 1 gekies. Baie geluk.

Kategorie 1: O1 Leerders	Cassidy Orme	2B
Kategorie 2: O2 Leerders	Ammaarah Deelman	4A
Kategorie 3: Jaar 1 Leerders	Fonzo Zeelie	5A
Kategorie 4: Jaar 2 Leerders	Thanda Dlamini	9B
Kategorie 5: Jaar 3 Leerders	Jamie Groenewald	12A
Kategorie 6: Jaar 4 Leerders	Cayden Gagiano	12B
Kategorie 7: VLR-Lid	Methilda de Waal	13B
Kategorie 8: Koshuis Dogter	Monique Rafferty	6A
Kategorie 9: Koshuis Seun	Treasure Sibanyoni	14B

1.4 SKOOLREKENINGE

U kind het vandag 'n skoolrekening ontvang. Gaan dit asb noukeurig deur. Ons wil 'n vriendelike, dog dringende versoek rig dat u asb op datum moet bly met die betalings van skoolgelde. Name van ouers, wat agterstallige rekeninge het, sal aan Prinsloo Prokureurs oorhandig word vir skuldinvordering.

Graag wil ons dié ouers wat gereeld betaal en op datum is, bedank. Ons opregte waardering daarvoor.

2 KOSHUIS

2.1 HANTERING VAN PROBLEME

Neem asb kennis van die volgende verandering: Mnr. Sibanda hanteer nou die daaglikse dissiplinêre probleme. Indien daar ernstige sake is, sal dit met Mnr Bornman bespreek word sodat hy dit kan hanteer.

Indien u kind enige probleme by die koshuis ondervind, moet dit dadelik gerapporteer word, sodat ons dit onmiddellik kan hanteer. Hoe gouer u kind 'n probleem rapporteer, hoe gouer kan dit opgelos word. Daar is elke dag 2 mans en 1 dame aan diens by die koshuis by wie probleme aangemeld kan word.

2.2 ROOK

DA Müllerkoshuis is 'n rookvrye area. "Vape" raak 'n baie groot en ernstige problem in die koshuis. Baie leerders beweer dat hulle ouers hulle voorsien van die "vapes". Dit is 'n oortreding van die Rookwet en dus sal daar baie ernstig teenoor die leerders opgetree word. Neem asb. kennis dat alle "vapes" wat by die leerders gevind word, gekonfiskeer sal word en onder geen omstandighede weer teruggegee word nie. Dit skep vir ons 'n ernstige gesondheidsrisiko asook 'n brandgevaar. Volgens die Gedragskode is rook -15 punte, na 'n tweede rook oortreding word 'n leerder tydelik vir 2 weke uit die koshuis geskors. Indien 'n leerder weer 2 rook oortredings begaan, word die leerder permanent uit die koshuis geskors.

2.3 SIEK LEERLINGE

Dit gebeur al hoe meer dat siek kinders op 'n Sondag en Maandag by die koshuis arriveer. **Moet asb. onder geen omstandighede u kind koshuis toe stuur op 'n Sondag indien hy/sy siek is nie. Ons gaan van u verwag om u siek kind te kom haal.**

2.4 MEDIKASIE

Geen medikasie mag by die leerlinge in hulle kaste gehou word nie. Dit moet by die siekekamer ingehandig word.

Merk asseblief die medikasie duidelik. Dui ook op die houer aan hoe dit geneem moet word, indien dit nie daarop aangedui is nie. U moet ook aandui waarvoor dit geneem moet word. Dankie vir u samewerking.

2.5 BEURSE

Uitslae van beursaansoeke is uitgegee. Indien u nie suksesvol was met u aansoek nie, bly u verantwoordelik vir die koshuisrekening van begin Januarie 2024 af. Maak seker dat u rekening op datum betaal is.

2.6 KOSHUISGELDE

Die koshuisgelde is R1 950-00 per maand vir 10 maande. Ons versoek u om asb. op datum te bly met u rekening. Koshuisgelde is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7de van elke maand betaal wees. Leerders wie se koshuisrekening agterstallig is, sal nie in die koshuis toegelaat word voordat die rekening op datum betaal is nie.

2.7 BELANGRIKE KOSHUIS KONTAK BESONDERHEDE

Skool	-	017 6475987
		017 4220322
Koshuis e-pos	-	damullerhostel@jimvantonder.co.za
Koshuisvader	-	Mnr Bornman 082 337 1645 **(SLEGS IN NOODGEVALLE)**
Dissipline	-	Mnr. Sibanda 083 418 5579

Alle skool- en koshuisnavrae gedurende skoolure.

2.8 BELANGRIKE DATUMS

20 Maart	Skool sluit. Koshuis sluit om 17:00
02 April	Koshuis open om 14:00
03 April	Skool open

Die uwe,

MEV M KRÜGER
HOOF